## REEKS OOR DISSIPELSKAP: JESUS SE OPDRAG

**Maandag 8 Februarie 2021**

Om dissipels te maak, is ’n strewe om die Groot Opdrag van Jesus na te kom deur ’n bewustelike poging om mense na geestelike volwassenheid te begelei en begelei te word. In hierdie proses is die Heilige Gees die primêre Werker en word daar op sy krag en leiding voortgebou, terwyl die hulpbronne van die plaaslike gemeente gebruik word, tesame met die aanwending van die gawes, talente en vaardighede van medegelowiges. (Chris Adsit: **Personal Disciple Making**).

In Markus 3:13-19 lees ons die volgende: *“Jesus het teen die berg opgegaan en dié wat Hy wou hê, nader geroep, en hulle het na Hom toe gekom. Hy het toe twaalf, wat Hy apostels genoem het, aangestel om by Hom te bly sodat Hy hulle kon uitstuur om te preek. Hulle het ook die mag ontvang om bose geeste uit te drywe. Hy het hierdie twaalf aangestel: Petrus, soos Hy Simon genoem het, Jakobus seun van Sebedeus, en Johannes die broer van Jakobus – vir hulle het Hy die bynaam Boanerges gegee, dit wil sê “manne van die donder” – Andreas, Filippus, Bartolomeus, Matteus, Tomas, Jakobus seun van Alfeus, Taddeus, Simon die Kananeër, en Judas Iskariot wat vir Jesus verraai het.”*

Ek noem net enkele punte waarop ons kan let in hierdie gedeelte:

- Jesus roep twaalf apostels, en begin sodoende om die grondslag van ‘n nuwe volk te lê.
- Jesus roep die twaalf “sodat hulle saam met Hom kan wees” (OAV) Hulle sou om en by drie jaar, daagliks saam met Hom leef. Hulle sou by Jesus leer. Alleen wanneer hulle by Hom bly, kan Hy hulle uitstuur
- Behalwe om van Jesus te getuig, om “vissers van mense” te wees (Markus 1:17), het die dissipels die Groot Opdrag later gekry om mense dissipels van Christus te maak.
- Hierdie Groot Opdrag met sy spesifieke fokus om dissipels te maak, moes hulle egter nie probeer nakom in eie krag nie, maar hulle moes wag op die uitstorting van die Heilige Gees en Hy sou hulle die krag en wysheid gee om dissipelmakers te word!

**Gebed: Here help my om leerbaar te bly in Jesus se teenwoordigheid.**

## REEKS OOR DISSIPELSKAP: DIE HEILIGE GEES; DIE GODDELIKE INVLOED

**Dinsdag 9 Februarie 2021**

Om dissipels te maak, is ’n strewe om die Groot Opdrag van Jesus na te kom deur ’n bewustelike poging om mense na geestelike volwassenheid te begelei en begelei te word. In hierdie proses is die Heilige Gees die primêre Werker en word daar op sy krag en leiding voortgebou, terwyl die hulpbronne van die plaaslike gemeente gebruik word, tesame met die aanwending van die gawes, talente en vaardighede van medegelowiges. (Chris Adsit: **Personal Disciple Making**).

Daar is, volgens Adsit, vier sleutelkomponente in bogenoemde beskrywing, nl die nakoming van die Groot Opdrag, die Heilige Gees, die plaaslike gemeente en die rol van dissipelmakers. Gister het ons op die eerste komponent gefokus. Vandag staan ons stil by die rol van **die Heilige Gees, die Goddelike Invloed**.

Ons lees twee gedeeltes: Die eerste is uit Johannes 14: 15, 16 en 26: *“As julle my liefhet, sal julle my opdragte gehoorsaam. En Ek sal die Vader vra en Hy sal vir julle ’n ander Parakleet gee sodat Hy vir ewig by julle kan wees. Die Parakleet, die Heilige Gees, wat die Vader in my Naam sal stuur, Hy sal julle in alles onderrig en julle aan alles herinner wat ek vir julle gesê het.”* Die tweede uit Handelinge 1:8 *“Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en in Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld.”*

Die volgende aanhaling laat ’n mens diep dink: “Never forget the absolute necessity of the Holy Spirit. After years of being discipled personally by Jesus, most of the disciples deserted Him at the cross and one betrayed Him. It was Pentecost that made the ultimate difference! Filled with the Holy Spirit, these disciples went out to change the world!”

Paulus laat geen twyfel dat hy en Apollos ’n rol speel in die geestelike vorming van die Korintiërs, maar dit is God wat laat groei (1 Kor 3: 5,6). Hy vra die Galasiërs in Gal 3:3 *“Julle het met die krag van die Gees begin; gaan julle nou met menslike krag eindig?”* Die gelowiges is verseël met die Gees en Hy is die waarborg van die gelowiges se erfdeel. Hy sal die goeie werk wat God in ons begin het, voltooi en ons is sy medewerkers!

**Gebed: Dankie Heilige Gees dat U werk in mense en ons ook gebruik!**

# REEKS OOR DISSIPELSKAP: DIE PLAASLIKE KERK: DIE GODDELIKE BROEIKAS

**Woensdag 10 Februarie 2021**

Om dissipels te maak, is ’n bewustelike strewe om die Groot Opdrag van Jesus na te kom deur mense na geestelike volwassenheid te begelei en begelei te word. In hierdie proses is die Heilige Gees die primêre Werker en word daar op sy krag en leiding voortgebou, terwyl die hulpbronne van die plaaslike kerk gebruik word, tesame met die aanwending van die gawes, talente en vaardighede van medegelowiges. (Chris Adsit: **Personal Disciple Making**).

Daar is, volgens Adsit, vier sleutelkomponente in bogenoemde beskrywing, nl Die nakoming van die Groot Opdrag, die Heilige Gees, die plaaslike kerk en die rol van dissipelmakers. Ons het reeds by die nakoming van die Groot Opdrag en die rol van die Heilige Gees stilgestaan. Vandag kyk ons na die rol van **die plaaslike kerk/gemeente, die Goddelike Broeikas.**

In die Bybel word die menslike liggaam gebruik as beeld om die aard en funksionering van die kerk uit te lig. Die twee bekende elemente van die eenheid van die liggaam en die interafhanklikheid van die lede is al op verskeie maniere en plekke uitgewys. Wat laasgenoemde aspek betref, naamlik interafhanklikheid, kom veral die rol van die plaaslike gemeente ter sprake. Daar is nie een lid van die liggaam wat oor alles beskik om dissipels te maak of self ’n dissipel te wees nie. Ons het almal mekaar nodig en die plaaslike kerk/gemeente is die broeikas vir dissipels maak en wees.

In Efesiërs 4: 11-13 lees ons die volgende: *“En dít is die “gawes” wat Hy “gegee het”: apostels, profete, evangeliste, en herders en leraars.”* **Met watter doel het die Here hulle gegee?** *“Sy doel daarmee was om die gelowiges toe te rus”*. **Hulle toe te rus vir wat?** *“vir hulle diens en vir die opbou van die liggaam van Christus.”* **En wat sal dan die uiteinde wees?** *“So sal ons uiteindelik almal kom tot die werklike eenheid in ons geloof en in ons kennis van die Seun van God. Dan sal ons, sy kerk, soos 'n volgroeide mens wees, so volmaak en volwasse soos Christus.”* Die ideale omgewing waarbinne dissipelmaking kan plaasvind, is die plaaslike gemeente. Daar is ’n verskeidenheid van gelowiges wat mekaar kan opbou en ondersteun. Ten spyte van tekortkominge, bied gemeentes ’n ruimte waar ons saam kan leer om ’n dissipel van Christus te wees.

**Gebed: Here, dankie dat ek ook deel van ’n gemeente kan wees.**

**REEKS OOR DISSIPELSKAP: DIE DISSIPELMAKER, DIE GODDELIKE INSTRUMENT**

**Donderdag 11 Februarie 2021**

Om dissipels te maak, is ’n bewustelike strewe om die Groot Opdrag van Jesus na te kom deur mense na geestelike volwassenheid te begelei en begelei te word. In hierdie proses is die Heilige Gees die primêre Werker en word daar op sy krag en leiding voortgebou, terwyl die hulpbronne van die plaaslike kerk gebruik word, tesame met die aanwending van die gawes, talente en vaardighede van medegelowiges. (Chris Adsit: **Personal Disciple Making**).

Daar is, volgens Adsit, vier sleutelkomponente in bogenoemde beskrywing, nl Die nakoming van die Groot Opdrag, die Heilige Gees, die plaaslike kerk en die rol van dissipelmakers. Ons het reeds by die nakoming van die Groot Opdrag, die rol van die Heilige Gees en die plaaslike kerk/gemeente stilgestaan. Vandag kyk ons na die rol van **die dissipelmaker, die Goddelike Instrument.**

In Handelingge 20:28 word die ouderling soos volg bemoedig: *“Pas julle self op en die hele kudde wat die Heilige Gees onder julle sorg gestel het. Soos wagters 'n kudde versorg, so moet julle die gemeente van God versorg wat Hy vir Hom verkry het deur die bloed van sy eie Seun.”* Daar is ’n band van versorging en begeleiding op die pad na geestelike volwassenheid en ons dra almal daartoe by. In Kolossense 1: 28 en 29 stel Paulus dit soos volg: *“Hóm verkondig ons deurdat ons alle mense met alle moontlike wysheid onderrig en leer, sodat ons elke mens tot geestelike volwassenheid in Christus kan bring. 29 Daarvoor span ek my ook in en beywer ek my met die krag wat Hy gee en wat kragtig in my werk.”*

Daar is dus ’n band tussen mense wat mekaar wil help op die pad van dissipelskap. Hulle verbind hulleself aan mekaar. Paulus stel dit so in 2 Kor 8:5: *“Dit was meer as wat ons verwag het, want eers het hulle hulleself aan die Here gegee en toe aan ons. Dit is soos God dit wil.”* In 1 Tessalonisense maak Paulus dit nog duideliker: *“En julle het ons voorbeeld gevolg en volgelinge van die Here geword. In baie moeilike omstandighede het julle die woord aangeneem met ’n blydskap wat van die Heilige Gees kom.”*

**Gebed: Here, help ons om mekaar op te bou as dissipels van Christus.**

## REEKS OOR DISSIPELSKAP: DRIELEDIGE STRATEGIE

**Vrydag 12 Februarie 2021**

ʼn Driepotige struktuur is gewoonlik stabiel. Solank al drie pote funksioneel is, sal die struktuur nie meegee of omval nie. Op soortgelyke wyse kan daar aan die drieledige struktuur van dissipelskap gedink word.

**Eerstens Gebed.** In Johannes 15 vers 5 sê Jesus dat ons sonder Hom niks kan doen nie. As ons dit glo, sal dit in ons dade sigbaar word en veral in ons gebede prominent wees. As jy regtig daarin belangstel dat die persoon saam met wie jy die pad van dissipelskap loop, groei as ʼn dissipel en as jy regtig glo dat God die groei bewerkstellig, sal jy gereeld vir haar/hom bid.

Daar is dikwels eienskappe wat ons in mekaar sien wat nie pas by ʼn dissipel van Christus nie. Daarvoor kan ons vir mekaar bid en vra dat die Gees self in ons lewens sal werk en ons lewens vorm en verander soos Hy wil.

**Tweedens Verhoudings.** Daar is ʼn gesegde wat lui: "Most things of importance are caught and not taught". In Afrikaans is daar weer die volgende gesegde: "Woorde wek, maar voorbeelde trek!" Bewustelik of onbewustelik is ons rolmodelle vir mekaar. Luister hoe Paulus dit in die volgende verse stel: *"Volg my voorbeeld, soos ek die voorbeeld van Christus volg."* (1 Kor 11: 1); *"Wees my navolgers, broers, en let op die mense wat lewe volgens die voorbeeld wat ons vir julle stel."* (Fil 3: 17); *"En wat julle van my geleer en ontvang het, en gehoor en gesien het, dit moet julle doen. En God wat vrede gee, sal by julle wees."* (Fil 4: 9) en dan laastens 2 Tes 3: 9 *"Nie dat ons nie die reg het op onderhoud van julle nie, maar ons wou vir julle 'n voorbeeld wees wat julle moet volg."*

**Derdens Inhoud.** Die verhouding moet ʼn bepaalde inhoud hê. Jesus moedig sy dissiplels aan om ander te leer om te onderhou wat Hy geleer het. Die verhouding wat ontstaan, het dus ook ʼn lerende element en ons moet bereid wees om by mekaar te leer.

**Gebed: Here help ons om betekenisvolle verhoudings te hê en leerbaar te wees.**